

Sondag 5 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring
14:3

Ons word vrygemaak van alles wat sleg en sondig is!

Al die gereddes se bande met die aarde is op daardie oomblik deurgesny. Met ander woorde, hulle bande is toe al gesmee vir die nuwe aarde – sodat hulle saam met die Lam op die berg Sion sal wees. Dit beteken ook dat hulle alle aardse dinge losgelaat en prysgegee het om vir die Here te lewe. “Vrygekoop” beteken dat die Lam hulle sondestraf gedra en betaal het.

Dink hier aan die opdrag wat die Here by die skepping aan ons gegee het. Dit het ons totaal aan die aarde gebind: *En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip. Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees* (Matt. 19:27-29, 1953-vertaling).

In die Nuwe Testament is daar die eis dat hierdie dinge ons nie so moet bind dat dit ons van die Here vervreem nie. *Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie. En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie. Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind* (Matt. 10:37-39, 1953-vertaling).

Geen mens is uit homself bekwaam om so gelowig te wees soos wat die Here hier eis nie. Daarom doen Hy dit vir ons. Hy maak ons waardig en stel ons in staat om vir Hom te kan leef en getuig en om by Hom op die Sionsberg te eindig.

Dit kom na vore in twee sake: Eerste uit die feit dat ons saam met die Lam is – Hy versamel ons by Hom. Tweedens kom dit uit in die woorde: *vrygekoop is*. Ons is vrygekoop – dis ons wat daar juig.

Sing: Skrifberyming 2-7:2

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)